Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

TOTALE PUNTE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

SPORT EN OEFENKUNDE

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 36 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. **Beantwoord al die vrae op die vraestel en handig dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat voorsien word, te skryf.**

3. Lees die vrae noukeurig deur.

4. Gebruik die totale punte wat vir elke vraag toegeken word as 'n aanduiding van die vereiste besonderhede.

5. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

6. Een blanko bladsy (bladsy 36) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsy. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien hierdie ekstra spasie gebruik word.

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK

Vraag	1	2	3	4	5	6	**Totaal**
Punte	28	34	46	26	46	20	**200**
Verwerf							

IEB Copyright © 2024

VRAAG 1

1.1 Pas elke term in Kolom A by sy korrekte definisie in Kolom B. Skryf slegs die letter van jou gekose beskrywing in die antwoordmatriks hieronder.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Makro-siklus in oefening	A	Verskaf 'n stadiger, meer volgehoue vrystelling van glukose.
1.1.2	Patellofemorale pynsindroom	B	Voel spanning aan.
1.1.3	Plantaar Fasciïtis	C	Voel strekkings en die spoed van strekkings aan.
1.1.4	Meso-siklus in oefening	D	'n Ensiem wat kettings van glukose verbind.
1.1.5	Golgi-tendonorgaan	E	Oorgebruikbesering tussen die knieskyf en die dybeen.
1.1.6	Hoë glisemiese voedsel	F	'n Tussentydse blok van oefening.
1.1.7	Ketogeniese dieet	G	Voedsel wat koolhidrate vinnig aan die bloedstroom lewer.
1.1.8	Glikogeensintase	H	'n Langtermyn oefenprogram.
1.1.9	Lae glisemiese voedsel	I	Hoë vet, lae koolhidraatvoedsel.
1.1.10	Spierspoele	J	'n Pynlike inflammasie van 'n dik fibreuse weefsel in die voet.

ANTWOORDE:

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	
1.1.4	
1.1.5	

1.1.6	
1.1.7	
1.1.8	
1.1.9	
1.1.10	

(10)

IEB Copyright © 2024

1.2 Die volgende pare prente se basis van ondersteuning is gearseer. Vir elke paar kies watter prent korrek gearseer is. Plaas 'n regmerkie in die blokkie van die korrekte prent.

1.2.1 **Prent A** **Prent B**





[<https://www.google.com/search yoga+poses> Besoek 24/2/24]

(1)

1.2.2 **Prent A** **Prent B**





[<https://www.video.ontheedgefitness.com> Besoek 24/2/24]

(1)

1.3 Skets **EN** arseer die ondersteuningsbasis in elk van die volgende prente.

Prent A



[<https://www.google.com/rhythmic+gymnastics+ball+skills> Besoek 1/3/24]

(5)

Prent B




[<https://www.google.com/olympics.curling> Besoek 24/2/24]

(5)

IEB Copyright © 2024

1.4 Bestudeer Prent A hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Prent A (spiesgooi)



[<https://www.gyansanchay.csjmu.ac./2022/05/lever.pdf> Besoek 24/2/24]

1.4.1 Watter hefboomklas/-orde kom in hierdie oefening voor?

_____

(1)

1.4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op Vraag 1.4.1 hierbo.

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

1.5 Bestudeer Prent B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Prent B (sitvlakskop)



[<https://www.wikihow.com/Do-Butt-Kicks> Besoek 24/2/24]

1.5.1 Identifiseer die lading.

_____

(1)

1.5.2 Watter spier gebruik die meeste inspanning?

_____

(1)

1.5.3 Watter hefboomklas/-orde kom in hierdie oefening voor?

_____

(1)

1.5.4 Dui die posisie van die fulkrum op die onderstaande prent aan.



[<https://www.wikihow.com/Do-Butt-Kicks> Besoek 24/2/24]

(1)
[28]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2

Lees die onderstaande bron en beantwoord die vrae wat volg.

Die swemmer Michael Phelps se dieet gedurende sy voorbereiding vir die Olimpiese Spele

Voor die Beijing Olimpiese Spele in 2008, het Phelps gesê hy "eet 'n kranksinnige 12 000 kalorieë 'n dag, ongeveer 4 000 kalorieë 'n maaltyd". Hy het later gesê dit was dalk oordrywing, maar hy het steeds baie geëet.

Ontbyt was eiertoebroodjies met 'n variasie van kaas, gebraaide uie en mayonnaise. Daarna sou hy pannekoek met sjokoladestukkies, Franse roosterbrood, 'n omelet van vyf eiers en 'n bak hawermout eet. Middagete sou 'n paar ham-en-kaas-toebroodjies insluit, energiedrankies en baie pasta. Vir aandete sou hy 'n hele pizza en nog 'n groot bak pasta eet.

Verbasend genoeg het hy op hierdie dieet gefloreer en 'n altydse rekord (*all-time record*) van agt goue medaljes gewen.

Teen 2012 en die Rio Olimpiese Spele het sy eetplan gekalmeer. Hy het steeds baie kalorieë geëet en aandete was dikwels twee borde gelaai met kos. Op hierdie dieet het hy vier goue en twee silwermedaljes gewen, wat hom die mees versierde Olimpiër ooit maak.

[Aangepas uit: <businessinsider.com> Aug 2016 uitgawe]

2.1 Voor die 2008 Olimpiese Spele, hoeveel kalorieë het Phelps daagliks geëet?

_____

(1)

2.2 Gee drie moontlike gevolge wat Phelps se dieet op 'n onaktiewe persoon sou hê.

- _____
- _____
- _____

(3)

2.3 Watter voedselgroep is die hoofbrandstof vir energie?

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

2.4 Lys drie disse wat by Phelps se dieet ingesluit is wat die voedselgroep insluit wat in Vraag 2.3 op bladsy 7 geïdentifiseer is.

- _____
- _____
- _____ (3)

2.5 Verduidelik hoekom Phelps so baie van hierdie spesifieke voedselgroep sou eet.

_____

_____

_____

_____

(3)

2.6 Hoekom moet Phelps lae GI voedselsoorte voor oefening eet EN hoë GI voedselsoorte na oefening?

_____

_____

_____

_____

_____

(2)

2.7 Wat is die gevolge vir atlete wat nie genoegsame koolhidrate verbruik nie?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(4)

IEB Copyright © 2024

2.8 Daar is een belangrike voedselgroep wat in Phelps se dieet ontbreek.

2.8.1 Noem die voedselgroep.

_____

(1)

2.8.2 Hoekom is hierdie voedselgroep veral belangrik vir 'n atleet soos Phelps?

_____

_____

_____


_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

2.9 Bestudeer die prent hieronder en gebruik dit om die vrae wat volg te beantwoord.



[<https://www.thoracickey.com/cardiopulmonary-stress-testing> Besoek 22/2/24]

2.9.1 Voltooi die tabel hieronder met betrekking tot bloedvloei na organe.

	Persentasie bloedvloei tydens rus	**Persentasie bloedvloei wanneer swaar werk gedoen word**
Niere		
Brein		
Spiere		

(6)

IEB Copyright © 2024

2.9.2 Gebruik die meganisme van die vaskulêre omleining/aftakking (*vascular shunt*) en verduidelik hoe bloed herdistribusie verander wanneer 'n atleet van rus na oefening beweeg. Verwys na die prent wat voorsien is.


(8)
[34]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3

Bestudeer Bronne A en B wat in hierdie vraag voorsien word en gebruik hulle om die vrae wat volg te beantwoord.

BRON A



[<https://www.ylmsportscience.files.wordpress.com> Besoek 25/2/24]

IEB Copyright © 2024

Die onderstaande vrae verwys na Bron A.

3.1 Hoeveel swemmers was by hierdie studie betrokke?

_____

(1)

3.2 Lys die drie oefenstrategieë wat in hierdie studie vergelyk word.

- _____
- _____
- _____

(3)

3.3 Wat was die onmiddellike impak van die oefenkamp op die swemmers se tye?

_____

_____

(1)

3.4 Wat was die impak op die swemmers se tye na een week se hersteltydperk?

_____

_____

(1)

3.5 Watter oefenstrategie was die suksesvolste?

_____

(1)

3.6 Verskaf bewyse dat hierdie oefenstrategie (beantwoord in Vraag 3.5) die suksesvolste was.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(4)

IEB Copyright © 2024

3.7 Voorsien drie faktore uit Bron A wat ouers en swemmers in gedagte moet hou wanneer 'n hoogte-oefenkamp (*altitude training camp*) bygewoon word.

(3)

IEB Copyright © 2024

BRON B

Hoogtefietsry-oefenkamp – Die Resultate!
(*Altitude Cycling Training Camp – The Results!*)

'n Groep atlete het 'n ses weke lange oefenkamp bygewoon wat die volgende aktiwiteite ingesluit het:

Fietsry-oefensessie (*cycling training*) en gewigte optel oefensessies (*weight training sessions*) is uitgevoer in 'n hoë hoogte hipoksiese kamer (*high-altitude hypoxic room*) of met behulp van 'n pod.

Bron B1

FIETSRYPRESTASIE – 15 sessies
Algehele verbeterings



FTP
9,7%

Topkrag
11,1%

3 Min krag
12,9%


Uitputtings-indeks
22,6%

FTP = Funksionele Drempelkrag
Die hoogste gemiddelde krag wat 'n persoon vir 'n uur kan volhou.
Uitputtingsindeks = Mate van uithouvermoë

Bron B2

ALGEMENE FIKSHEID
Algehele verbeterings





Pod-sessies = passiewe sessies waarin die gebruiker 'n suurstofmasker dra en aan onderbroke kort vlae berglug afgewissel met normale lug blootgestel word.

Die onderstaande vrae verwys na Bron B.

3.8 Gee die hoogste en laagste algehele verbetering in algemene fiksheid.

Hoogste: _____
(2)

Laagste: _____
(2)

IEB Copyright © 2024

3.9 Verduidelik en verskaf bewyse wat aandui dat die fietsrysessies suksesvol was ten opsigte van prestasieverbeterings.

(8)

3.10 Hoekom was daar 'n 8% afname/verlies in die atlete se liggaamsvet?

(2)

3.11 Watter voorsorgmaatreëls kan die atleet tref om hierdie verlies aan liggaamsvet te voorkom?

(2)

IEB Copyright © 2024

3.12 Verduidelik die voordele van die algehele fiksheidsverbeterings vir 'n fietsryer.

(10)

Die volgende vrae hou nie noodwendig met die bronne verband nie.

3.13 Beskryf die fisiologiese aanpassings aan bloed wanneer 'n atleet op 'n hoë hoogte (*high altitude*) bly.

(4)

3.14 Waarom sal 'n tennisspeler meer sukkel wanneer hy by hoër hoogtes as seevlak deelneem?

(2)
[46]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 4

Bestudeer die bron wat in hierdie vraag verskaf is en gebruik dit om die vrae wat volg te beantwoord.

Die Rol van Fisika in Gholf



[<https://www.golfdistillery.com/club-parts/grooves/> Besoek 22/2/24]

Die deel van die gholfstok wat die grootste impak gehad het op die hoeveelheid spin wat op die gholfbal gegenereer kan word, is die groewe van die gholfklubkop (*golfclub-head*). Spin word geskep uit die wrywing tussen die klubkop en die bal tydens impak. Hierdie groewe stel die stok en bal in staat om groter wrywing te skep en op sy beurt meer spin te genereer. Onlangs het die organisasie wat verantwoordelik is vir die golfreëls besluit om groter beperkings te plaas op die aantal groewe wat toegelaat word op klubkloppe en die diepte van die groewe. Spelers het stokke gebruik met groewe wat diep genoeg is dat hulle, selfs wanneer hulle balle uit die rowwe (*rough*) veld slaan, beduidende spin op hul balle kon genereer. Die organisasie was van mening dat golfslae uit die rowwe veld moeiliker moet wees, daarom het hulle besluit om die diepte van die groewe te beperk.

Wanneer 'n gholfstok geswaai word, is daar 'n verskeidenheid faktore in die meganika van die swaai wat weer die draai (spin) wat op die gholfbal gegenereer word, beïnvloed. Hierdie spin beïnvloed die vlug wat die bal in die lug sal neem. Een tipe spin wat gholfspelers op die bal gebruik, is terugkrul (*backspin*). Terugkrul word gegenereer wanneer die onderkant van die gholfklubkop die agterkant van die bal met 'n afwaartse krag tref. Hierdie kontak veroorsaak dat die bal saamdruk, en die wrywing tussen die gholfklubkop en bal tot die terugkrul lei. Die hoeveelheid afwaartse krag wat deur die swaai (*swing*) toegepas word, bepaal die hoeveelheid spin op die bal. Terugkrul word deur gholfspelers gebruik om die rol van die bal te beheer nadat dit land en help hul om hul balle nader aan die putjie te slaan.

Vandag is daar duisende verskillende soorte gholfballe waarmee spelers kan speel. Miskien is die belangrikste element van die gholfbal die klein holtetjies op sy buitenste dop. Die klein holtetjies is uiters belangrik om die weerstand te verminder wat die bal het terwyl hy in die lug is. Hulle skep onstuimigheid (*turbulence*) langs die oppervlak van die bal en skep lae lug (*layers of air*) rondom die bal.

[<https:www.//large.stanford.edu/courses/> Besoek 24/2/24]

4.1 Volgens die bostaande bron, wat veroorsaak die spin op 'n gholfbal?

_____

(1)

4.2 Verwys na die stelling hieronder om die volgende vrae te beantwoord.

> "Die hoeveelheid afwaartse krag wat deur die swaai toegepas word, bepaal die hoeveelheid spin op die bal."

[<https://www.large.stanford.edu/courses/> Besoek 24/2/24]

4.2.1 Noem watter van Newton se Wette word in die stelling weergegee.

(1)

4.2.2 Verskaf 'n omskrywing of verduideliking van hierdie Wet.

(2)

4.3 Verduidelik die wetenskaplike redenasie agter die ontwerp van die klein holtetjies (*dimples*) van 'n gholfbal.

(3)

4.4 Hoekom skep groewe op 'n gholfstokkop/gholfklubkop meer wrywing?

(1)

4.5 Hoekom het die gholfbeheerliggaam die reël oor groewe op gholfstokkoppe/ gholfklubkoppe verander?

(2)

IEB Copyright © 2024

4.6 Verduidelik wat die volgende terme beteken met betrekking tot die lugvloei rondom 'n gholfbal.

4.6.1 *Laminêre vloei*

(3)

4.6.2 *Turbulente vloei*

(3)

4.7 Op die prente hieronder, trek lyne wat die laminêre en turbulente lugvloei aandui.

Laminêre vloei

Rigting van beweging ⟵



Turbulente vloei

Rigting van beweging ⟵



(4)

4.8 Verduidelik hoe die Bernoulli Beginsel toegepas kan word op 'n gholfbal wat met 'n snyhou (*slice*) geslaan word.

['n Snyhou is 'n gholfhou wat vir 'n regshandige speler na regs krom en vir 'n linkshandige speler na links krom.]

(6)
[26]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 5

Bestudeer die bron wat in hierdie vraag voorsien word en gebruik dit om die daaropvolgende vrae te beantwoord.

Mo Farah teen Usain Bolt

As deel van sy liefdadigheidorganisasie, die Mo Farah Stigting, het Mo Farah die wêreld 100 m kampioen, Usain Bolt, uitgedaag om oor 'n afstand te hardloop wat nie vir enige van die twee hardlopers sou pas nie. Mo Farah was die Olimpiese kampioen in 5 000 m en 10 000 m, terwyl Usain Bolt die Olimpiese kampioen in 100 m en 200 m was.

[<https://www.sportsscientists.com> Gepubliseer 6/8/2013]

5.1 Wat maak die twee atlete eenders?

_____

(1)

5.2 Wat sou 'n ideale afstand vir hierdie atlete wees om te verseker dat die uitdaging regverdig is? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

_____

_____

_____

_____

(2)

5.3 Noem elke atleet se pre-dominante energiestelsel wanneer hul by die Olimpiese Spele meeding.

- Mo Farah

_____

(1)

- Usain Bolt

_____

(1)

IEB Copyright © 2024

5.4 Beskryf die fisiologiese aanpassings aan die respiratoriese sisteem weens aërobiese oefening.

(6)


IEB Copyright © 2024

5.5 Verduidelik die alles-of-niks-wet soos dit van toepassing is op Usain Bolt se beenspiere wanneer hy plofbaar uit die wegspringblokke wegspring.

(7)

5.6 Albei atlete moet by optimale opwekkingsvlakke wees wanneer aan die Olimpiese Spele deelgeneem word.

Bestudeer die Yerkes-Dodson-grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[<https://www.exrx.net/Psychology/InvertedU> Besoek 24/2/24]

5.6.1 Dui op die grafiek hierbo aan watter kurwe die opwekkingsvlak van Mo Farah die beste voorstel en watter kurwe die opwekkingsvlak van Usain Bolt die beste voorstel.

(2)

5.6.2 Verduidelik hoekom elke spesifieke kurwe die emosionele opwekking vir hierdie atlete verteenwoordig.

(4)


IEB Copyright © 2024

5.6.3 Noem drie gevolge van oor-opwekking in 'n atleet gedurende kompetisie.

- _____
- _____
- _____

(3)

5.7 Die grafiek hieronder illustreer die Katastrofie-teorie waar 'n atleet 'n drastiese afname in prestasie ervaar. Verwys na die grafiek om die vrae wat volg te beantwoord.



[<https://www.google.com/arousal+in+sport> Besoek 24/2/24]

5.7.1 Watter verwysingspunt (uitgebeeld met 'n ✶) dui die optimale vlak van prestasie aan?

_____

(1)

5.7.2 Gebruik die grafiek en verwysingspunte op bladsy 27 om hierdie teorie te verduidelik. Gebruik basketbal om jou verduideliking te ondersteun.

(12)

IEB Copyright © 2024

5.8 Die tabel hieronder beeld Usain Bolt se bloedlaktaatvlakke aan. Verwys na die tabel hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.

Bolt se bloedlaktaatvlak in rus	**Bolt se bloedlaktaatvlak na voltooiing van 'n 400 m-naelloop**
1,2 mmol/kg van spiere	20 mmol/kg van spiere

5.8.1 By watter punt is Bolt se spiere meer suurvormend (*acidic*)?

_____

(1)

5.8.2 Wat is die implikasies van hierdie verhoogde suurheidsgraad?

_____

_____

_____

(1)

5.8.3 Hoekom is dit voordelig vir 'n atleet om 'n hoër laktaatdrempel te hê?

_____

_____

_____

_____

(3)

5.8.4 Watter vorm van oefening is raadsaam om bloedlaktaat na rustende vlakke te laat terugkeer?

_____

(1)
[46]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 6

Bestudeer die inligting wat in die bronne wat volg voorsien word. Gebruik hierdie inligting om 'n opstel van 1–1½ bladsye oor die volgende onderwerp te skryf:

Bespreek die impak van tegnologie (positief en negatief) op sportprestasie.

Om hierdie vraag te beantwoord, word van jou verwag om:

- die bronmateriaal sorgvuldig te bestudeer en die inligting in die bronne te gebruik om jou opstel die beste te ontwikkel;
- jou eie toepaslike sportwetenskapkennis te integreer;
- voorbeelde uit die werklike lewe te gebruik waar van toepassing;
- die rubriek te gebruik om jou antwoord te vorm.

IEB Copyright © 2024

BRON A

Slim mondbeskermers (*mouthguards*) om te help met die opsporing van kopbeserings in Ses-Nasies

Spelers in vanjaar se Ses-Nasiesreeks sal geïnstrumenteerde mondbeskermers gebruik om medici te help om voorvalle te identifiseer wat vanaf-die-veld kopbeseringsevaluasie (*off-field head injury assessments*) vereis, het Ses-Nasiesrugby Vrydag gesê.

Spelers sal voorsien word van pasgemaakte mondbeskermers wat tydens die wedstryd waarskuwings aan die mediese span deurgee om aan te dui of 'n kantlyn-assessering (*pitch-side assessment*) nodig is.

"Ses-Nasiesrugby, sy unies en federasies is daarop gefokus om die spel-wye verbintenis te bevorder om spelers se welsyn te prioritiseer en in hierdie gebied te innoveer," het Julie Paterson, direkteur van rugby by Ses-Nasiesrugby, gesê.

"[Dit is] om te verseker dat ons die nuutste tegnologie gebruik en ons prosesse verbeter waar van toepassing, om die spelers te beskerm."

[<https://www.espn.co.uk/rugby/story/smart-mouthguards-help-head-injury-detection-six-nations> Besoek 22/2/24]

BRON B

AFRIGTER BEVRAAGTEKEN NUWE TEGNOLOGIE

"Slim" mondbeskermers het Skotland kortstondig 'n verlies van 'n tweede speler in opeenvolgende Ses-Nasies-wedstryde gekos.

Skotland se afrigter, Gregor Townsend, het die gebruik van "slim" mondbeskermers bevraagteken nadat hy kortstondig 'n tweede speler in opeenvolgende Ses-Nasies-wedstryde verloor het as gevolg van 'n kopbeseringsevaluasie wat veroorsaak is deur die implementering van die nuwe tegnologie.

In opdrag van Wêreldrugby dra spelers mondbeskermers wat toegerus is met sensors wat "kopversnellings-geleenthede" (*'head acceleration events'*) meet. Mediese personeel teenwoordig tydens die wedstryd, monitor die mondbeskermers vir waarskuwings en kan spelers uit die spel verwyder.

Skotland is glo die enigste Ses-Nasies-span wat tot dusver geaffekteer is, met die haker George Turner wat in die eerste helfte teen Frankryk van die veld af is, terwyl die mede-voorryvoorspeler Zander Fagerson in die sewende minuut die veld verlaat het. Townsend is gevra of die spelers die veld verlaat het as gevolg van die mondbeskermerlesing en hy het geantwoord: "Ja, dit was die rede, en ek het die takeling (*tackle*) gesien. Dit was net 'n gewone takeling. Ek dink ons moet regtig kyk wat ons hier doen, deur tegnologie te vertrou wat nie bewys is nie."

[*The Witness*, Feb. 2024]

IEB Copyright © 2024

BRON C


'n Passende stewel vir vroue-sokkerspelers

Namate kommer toeneem oor die aantal beserings wat vroulike sokkerspelers opdoen, sien die Duitse sportdraghandelsmerk Puma die Wêreldbeker-sokkertoernooi vir vroue as 'n geleentheid om bewustheid te skep oor sokkerstewels wat spesiaal vir vroue se voete ontwerp is.

Verskeie spelers moes die toernooi misloop weens anterior kruisligament skeure. 'n Hoër koers van beserings in die vrouespel kan voorkom as gevolg van 'n afhanklikheid van stewels wat vir mans ontwerp is, sê sportwetenskaplikes. 'n Onlangse verslag het bevind dat tot 82% van vrouespelers in Europa ongemak ervaar wanneer hulle stewels dra. Vroue het dikwels 'n laer middelvoet en voetboog as mans.

[*Sunday Times,* 30 Julie 2023]

BRON D



[<https://www.what-is-the-most-interesting-and-unique-use-of-technology-in-the-sports-industry> Besoek 25/2/24]

IEB Copyright © 2024

OPSTELRUBRIEK

	0 punte	1 punt	2 punte	3 punte	4 punte	Moontlike punt (20)
Gebruik van bronne	Geen verwysing na bronne nie.	Probeer om bronne te gebruik, MAAR geen integrasie nie.	Nie alle bronne gebruik nie, maar die wat gebruik is, is wel geïntegreer.	Volledige gebruik van bronne, maar nie ten volle geïntegreer of uitgebrei nie.	Volledige gebruik van bronne en met begrip by bespreking geïntegreer.	**4**
Antwoord op vraag/ stelling: Positiewe en negatiewe gevolge	Geen poging aangewend om vraag/ stelling te beantwoord nie.	Probeer om óf positiewe óf negatiewe gevolge van tegnologie te bespreek OF antwoord is swak.	Bietjie data oor positiewe en negatiewe gevolge verskaf, maar nie geïntegreer nie OF beide negatiewe en positiewe gevolge genoem, maar met beperkings OF positiewe óf negatiewe gevolge oppervlakkig bespreek.	Van die inhoud wat verskaf is, is relevant en geïntegreer EN beide die positiewe en negatiewe gevolge is genoem.	Al die inhoud wat verskaf is, is relevant EN die positiewe en negatiewe gevolge van tegnologie is volledig bespreek.	**4**
Gebruik van eie kennis X2	Baie min relevante feite en baie onakkuraat-hede. Mis die punt van die bespreking.	Beduidende inligting ontbreek EN feitelike foute EN baie irrelevante inligting is ingesluit.	Sommige inligting ontbreek OF foute sigbaar OF sommige irrelevante inligting ingesluit.	Antwoord toon voldoende detail wat feitelik korrek en relevant is met integrasie.	Antwoord toon diepgaande (*in-depth*) gebruik van kennis wat feitelik korrek en relevant is met integrasie.	**8**
Gehalte van bespreking	Verstaan nie waaroor die bespreking gaan nie.	Moeilik om redenasie te volg. Deurmekaar en herhalend. Min verbande is duidelik.	Redenasie is sigbaar, maar verlies aan fokus. Herhalend. Idees dikwels swak verbind.	Antwoord is duidelik, oortuigend en same-hangend met geringe herhaling of verlies aan fokus.	Redenasie (logika) is baie duidelik, antwoord is saaklik, same-hangend en oortuigend.	**4**

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

[20]

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2024

ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE ADDISIONELE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

IEB Copyright © 2024